



KANKERROOS

deur HILDEGARD DE BEER
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming,
Pretoria

Kankerroos, *Xanthium strumarium* L., familie Asteraceae, vorm net soos boetebossie, *X. spinosum*, 'n bedreiging vir die wolbedryf, as gevolg van die groot, stekelrige klitse wat aan die wol van skape vaskleef.

Kankerroos word ook soms die groot boetebossie genoem, terwyl die naam "large cockle bur" gewoonlik in Engels gebruik word. Ander Engelse name vir hierdie onkruid is "burweed", "ditchbur", "heartleaf cockle bur" en "sheepbur", terwyl dit in Australië bekend staan as "noogoorabur".

MORFOLOGIE

Kankerroos neem verskillende vorms aan na gelang van die omgewing waarin dit voorkom. Dit is 'n vertakte, halfkruidagtige, eenjarige plant, 0,3 tot 1,2 m hoog. Dit is groter en stewiger as die boetebossie, maar minder vertak. Op die bruin tot rooibruin stingels, wat grof vertoon as gevolg van 'n kort haarbedekking, kom daar soms pers strepe of kolle voor. Die vorm van die blare is baie soos dié van druiweblare; hulle is 20 tot 120 mm lank, met 'n lang blaarsteel. Albei oppervlakke is grof en harig, donkergroen bo en vaalgroen onder, en die drie hoofare is effens rooi van kleur. Daar kom geen dorings aan die blaarbasisse voor soos in die geval

van boetebossie nie.

Die blomme is onopvallend en groenerig, en hulle rangskikking bevorder selfbestuiwing. Die ryp stuifmeel val van die manlike blomme, wat op die punte van die takke gedra word, af op die vroulike blomme direk daaronder. Naby die punte van die stingels ontwikkel die harde, ovaalvormige, bruin vrugte of klitse, tot 25 mm lank, wat oortrek is met haakvormige stekels, en met twee lang, stewige horings op die punt. Die klits is heelwat groter, en die stekels growwer as dié van die boetebossie. Elke vrug is verdeel in twee vrughokke wat elk 'n swart saad bevat.

VERSPREIDING

Soos met baie ander plante wat wêreldwyd versprei is, bestaan daar twyfel oor die oorspronklike tuiste van kankerroos. Sommige bronne is van mening dat dit Sentraal- en Suid-Amerika was, terwyl ander weer oortuig is dat dit die Middellandse See-gebied, by ongeveer 30°N was. Laasgenoemde bronne voer aan dat kankerroos daar reeds in die klassieke tyd bekend was, en dat dit die enigste gebied is waar die plant in 'n 'natuurlike' omgewing groei. Vandag kom dit feitlik regoor die wêreld voor, veral tussen 53°N en 33°S en groei meestal in die



FIG. 2 - Die klitse van kankerroos word gekenmerk deur twee stewige horings aan die punt

FIG. 1 - 'n Digte kankerroosbesmetting. Let op die breë, drielobbigse blare

gematigde of subtropiese streke, maar word selde in die trope aangetref. Dit word as 'n ernstige onkruid beskou in Indië, Spanje, die Midde-Ooste en Verre Ooste, asook in Suid-Afrika.

Die plant is waarskynlik uit Europa na Suid-Afrika ingevoer, en sover bekend is dit in 1881 vir die eerste keer hier opgeteken. Dit het nou reeds na al vier provinsies, asook Botswana, Lesotho en Swaziland versprei.

Kankerroos groei op 'n groot verskeidenheid grondtipes, van sand tot swaar kleigrond, asook onder verskillende vogtoestande en in alle reënvalstreke. Dit benodig baie sonlig, en groei dus gewoonlik op oop grond, waar min kompetisie met ander plante ondervind word, byvoorbeeld langs paaie, spoorlyne, rivieroewers en damme, sowel as op oorbeweide grond en verwaarloosde landerye. Op ryk, klam, oop grond groei dit welig en vorm dikwels suiwer stande, terwyl dit op droë, arm grond slegs 'n paar sentimeters hoog word, maar nog steeds sal blom en saadskiet.

VOORTPLANTING

Kankerroos is 'n kortdagplant en blom dus laat in die somer, wanneer die dae korter as 14 uur begin word, ongeag die grootte wat die plant dan reeds bereik het. Die vrugte word in die herfs ryp, en val gewoonlik in die winter af, maar dit gebeur soms dat hulle aan die droë takke bly sit tot die volgende somer of herfs. Die hele plant ryp in die winter dood.

Die sade ontkiem laat, en afhangend van die reën, sal die eerste sade ongeveer in November verskyn, terwyl die ontkieming tot so laat as Maart kan aanhou. Die onderste saad in elke vrug is groter en minder rustend as die boonste een. Die onderste saad ontkiem eerste, en die boonste een kan een of meer seisoene daarna ontkiem, wanneer die eerste saad reeds 'n plant gevorm het. Die plante wat laat in die seisoen ontkiem het, sal sade vorm al is hulle nog baie klein, en die uitgerekte ontkiemingstyd maak dit baie moeilik om die onkruid uit te roei.

Die sade word baie doeltreffend versprei deurdat die klitse aan die wol en hare van diere, aan kledingstukke en voersakke vasklou. Wanneer die plant in die winter doodryp, breek die bogrondse dele af en word deur die wind oor die veld gewaai. Oral waar die klitse dan afval, kan die sade ontkiem sodra die toestande gunstig is. Die klitse word ook deur water saamgesleur, sodat nuwe plante op rivieroewers, langs besproeiingsvore en op oorstroomde grond gevestig word. Wanneer diere dan rivier toe gaan om te suip, dra hulle die klitse weer na die veld waar hulle nuwe punte van besmetting vorm.

SKADELIKE EIENSKAPPE

Die doringvrugte of klitse wat aan die wol van

skafe vasklou, maak die wol onaantreklik vir kopers, sodat dit lae pryse behaal. Besmette wol is ongerieflik om te hanteer en moet teen hoë koste skoongemaak word voordat dit verwerk kan word, terwyl die skoonmaakproses dikwels die kwaliteit van die wol benadeel. Besmette skafe se kondisie kan selfs afneem as gevolg van die irritasie veroorsaak deur klitse wat hulle vel binnedring.

Enige besmette stuk grond is 'n potensieële besmettingsbron vir die hele buurt, omdat daar so baie vrugte geproduseer word wat baie doeltreffend versprei word. Die plant vorm ook 'n bedreiging vir landerye en weiveld wat onversorg of oorbeweï is, want hulle vorm suiwer stande wat gesaaides en grasveld kan verdring.

Kankerroos wat in landerye voorkom, kompeteer met die verboude gewas vir voedingstowwe, vog en lig, bemoeilik die afoes van lande en vermeerder sodoende die produksiekoste.

Net ná die eerste reëns, wanneer ander weiding nog skaars is, is vee dikwels geneig om die jong kankerroosplantjies te vreet, wat egter op daardie stadium giftig vir beeste, skafe, perde en varke is. Die saailinge bevat moontlik twee giftige bestanddele, naamlik hidrokinoon en xanthostrumarien. Dit veroorsaak simptome soos 'n vinnige, swak polsslag, moeisame asemhaling, naarheid, vomering en stuiptrekkings van die been- en nekspiere.

WETGEWING

Kankerroos is kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 1983 (Wet 43 van 1983) in die hele Republiek tot onkruid verklaar, wat behels dat niemand die plant mag versprei of toelaat dat dit versprei word nie.

BEHEER

Om besmetting te voorkom, moet vee wat aangekoop word, of wat die plaas binnekom, eers deursoek word vir klitse, wat dan onmiddellik vernietig moet word. Ontkiemende plantjies kan met die hand uitgetrek word, maar 'n plaas moet minstens drie maal in 'n groeiseisoen nagegaan word, omdat die sade nie almal gelyk ontkiem nie. Dit is nie raadsaam om die plante af te sny nie, aangesien dit hulle net sal stimuleer om weer uit te loop.

Die volgende chemiese middels is vir die beheer van kankerroos geregistreer: bromoksiniel; bromofenoksiem, terbutilasien/metolachlor; metribusien; sianasien/atrasien; bendioksied; 2,4-D(A); 2,4-D(T); 2,4-D(I); 2,4-D/MCPA; MCPA-K; 2,4-DB; MCPB; diuron/MCPA; metabenstiasuron/MCPA; asifluoorfen. Die aanwysings op die etiket moet baie noukeurig gevolg word.

Uitgee deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direkoraat Landhou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur die Staatsdrukker, Pretoria